'N KINDEROMBUDSMAN

Wat is 'n Ombudsman?

Die Ombudsman is 'n onafhanklike openbare figuur wat die klagtes teen regeringsagente, amptenare en werknemers ondersoek. 'n Ombudsman mag ook ondersoek doen en aanbevelings maak oor hoe om konstitusionele regte te beskerm. Die Ombudsman moet onpartydig wees.

Werk die Ombudsman vir die regering?

Die Ombudsman word deur die regering aangestel, maar maak onafhanklike besluite (soos 'n regter). Die regering, politieke partye en individue word nie toegelaat om met die werk van die Ombudsman in te meng nie.

Wat is 'n Kinderombudsman?

'n Kinderombudsman beskerm en bevorder die regte en belange van ***kinders*** in die gemeenskap. Baie Europese lande het Kinderombudsmankantore. Mauritius is die enigste Afrikaland wat 'n Kinderombudsman het, alhoewel baie ander Afrikalande meer algemene kantore het wat 'n soortgelyke rol vervul.

Wat sal 'n Kinderombudsman doen?

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet sê dat die Kinderombudsman twee hoofrolle sal vervul:

(1) ondersoek klagtes oor enige-iets wat betrekking het op die Kindersorg- en Beskermingswet;

(2) monitor die implementering van die Verenigde Nasies Konvensie oor die Regte van die Kind en ander internasionale ooreenkomste oor kinderwelsyn wat Namibië onderteken het.

Die Kinderombudsman sou ook ander take gegee kon word. Byvoorbeeld, die Kinderombudsman sou die algemene implementering van die Kindersorg- en Beskermingswet kon monitor, asook spesifieke klagtes kon ondersoek. Die Kinderombudsman sou ook meer algemene en pro-aktiewe betrokkenheid by die bevordering van kinderregte kon hê.

Aanstelling

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet sê dat die Kinderombudsman deur die Minister van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn aangestel word. Huidiglik spesifiseer die konsepwet geen kwalifikasies, kriteria of termyn van aanstelling nie.

Struktuur

Namibië het alreeds 'n algemene Ombudsman. Dit is daarom noodsaaklik om te bepaal hoe die twee amptenare kan saamwerk. Miskien sou hulle van dieselfde streekskantore gebruik kon maak of selfs die personeel en begroting in 'n mate kon deel. Hulle sou moontlik dieselfde mag kon hê om mense te ondervra en ondersoeke te loods.

HET NAMIBIË 'N KINDEROMBUDSMAN NODIG?

Argumente *vir* 'n Kinderombudsman

- Dit is belangrik om 'n spesiale amptenaar te hê om kinderregte te monitor en seker te maak dat kinders voldoende beskerming bekom.
- Siende dat daar alreeds 'n algemene Ombudsman in Namibië is, kan die Kinderombudsman bestaande strukture en netwerke benut. Dit sou beginkoste besny.

Argumente *teen* 'n Kinderombudsman

- Daar is geen noodsaaklikheid vir 'n Kinderombudsman nie, omdat die algemene Ombudsman dié rol kon volstaan.
- Baie ander lande het nie 'n Kinderombudsman nie.

Sake vir bespreking

- Sal 'n Kinderombudsman nuttig wees in Namibië?
- Watter kwalifikasies sou 'n Kinderombudsman moet hê?
- Wat sou die take van die Kinderombudsman wees?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591
E-pos: CCPA@lac.org.na
Faks: 088613715
Posadres: Posbus 604, Windhoek

Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak
Monalisa Zatjirua (061-2833116) of **Celeste Feris** (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,
of **Rachel Coomer** by die Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die **Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn**, gefasiliteer deur die **Legal Assistance Centre** en ondersteun deur **UNICEF**.

MGECW

unicef